


**THE PROVINCE OF  
GAUTENG**



**DIE PROVINSIE  
GAUTENG**

**Provincial Gazette Extraordinary  
Buitengewone Provinsiale Koerant**


Selling price • Verkoopprys: **R2,50**  
Other countries • Buitelands: **R3,25**

**Vol. 10**

**PRETORIA, 8 APRIL 2004**

**No. 139**

**We all have the power to prevent AIDS**



**Prevention is the cure**

**AIDS  
HELPLINE**

**0800 012 322**

DEPARTMENT OF HEALTH



9771682452005



04139

---

**CONTENTS • INHOUD**

<i>No.</i>		<i>Page No.</i>	<i>Gazette No.</i>
<b>LOCAL AUTHORITY NOTICES</b>			
624	Town-planning and Townships Ordinance (15/1986): City of Tshwane Metropolitan Municipality: Pretoria Amendment Scheme 9474.....	3	139
625	do.: do.: Declaration as an approved township: Rietvalleirand Extension 40 .....	3	139

---

---

## LOCAL AUTHORITY NOTICES

---

### LOCAL AUTHORITY NOTICE 624

#### CITY OF TSHWANE METROPOLITAN MUNICIPALITY

#### PRETORIA AMENDMENT SCHEME 9474

It is hereby notified in terms of the provisions of section 125 (1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that the City of Tshwane Metropolitan Municipality has approved an amendment scheme with regard to the land in the township of Rietvalleirand Extension 40, being an amendment of the Pretoria Town-planning Scheme, 1974.

Map 3 and the scheme clauses of this amendment scheme are filed with the Acting General Manager: Legal Services, and are open to inspection during normal office hours.

This amendment is known as Pretoria Amendment Scheme 9474.

(K13/2/Rietvalleirand x40 (9474))  
\_\_\_ April 2004

**Acting General Manager: Legal Services**  
(Notice No 392/2004)

---

### PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 624

#### STAD TSHWANE METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT

#### PRETORIA WYSIGINGSKEMA 9474

Hierby word ingevolge die bepalings van artikel 125 (1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), bekend gemaak dat die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit 'n wysigingskema met betrekking tot die grond in die dorp Rietvalleirand Uitbreiding 40, synde 'n wysiging van die Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974, goedgekeur het.

Kaart 3 en die skemaklousules van hierdie wysigingskema word deur die Waarnemende Hoofbestuurder: Regsdienste, in bewaring gehou en lê gedurende gewone kantoorure ter insae.

Hierdie wysiging staan bekend as Pretoria-wysigingskema 9474.

(K13/2/Rietvalleirand x40 (9474))  
\_\_\_ April 2004

**Waarnemende Hoofbestuurder: Regsdienste**  
(Kennisgewing No 392/2004)

---

### LOCAL AUTHORITY NOTICE 625

#### CITY OF TSHWANE METROPOLITAN MUNICIPALITY

#### DECLARATION OF RIETVALLEIRAND EXTENSION 40 AS APPROVED TOWNSHIP

In terms of section 103 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), the City of Tshwane Metropolitan Municipality hereby declares the Township of Rietvalleirand Extension 40 to be an approved township, subject to the conditions as set out in the Schedule hereto.

(K13/2/Rietvalleirand x40)

#### SCHEDULE

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY TOPBOU KONSTRUKSIE (EIENDOMS) BEPERK NO 1991/001388/07 IN TERMS OF THE PROVISIONS OF PART C OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE NO 15 OF 1986), FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 37 OF THE FARM WATERKLOOF 360JR, PROVINCE OF GAUTENG, HAS BEEN GRANTED.

**1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT****1.1 NAME**

The name of the township shall be Rietvalleirand Extension 40.

**1.2 DESIGN**

The township shall consist of erven, parks and streets as indicated on General Plan SG No 10559/2003.

**1.3 DISPOSAL OF EXISTING CONDITIONS OF TITLE**

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of the rights to minerals.

**1.4 ENDOWMENT**

Payable to the City of Tshwane Metropolitan Municipality.

The township owner shall pay the City of Tshwane Metropolitan Municipality as endowment a total amount of R250 000,00 which amount shall be used by the City of Tshwane Metropolitan Municipality for the acquisition of land for park and/or public open space purposes.

The said endowment amount shall be payable in accordance with the provisions of section 81 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986).

**1.5 ACCESS**

No ingress from Provincial Road P122-1 to the township and no egress to Provincial Road P122-1 from the township shall be allowed.

**1.6 RECEIVING AND DISPOSAL OF STORMWATER**

The township owner shall arrange the stormwater drainage of the township in such a way as to fit in with that of Road P122-1 and he shall receive and dispose of the stormwater running off or being diverted from the road.

**1.7 REMOVAL OR REPLACEMENT OF MUNICIPAL SERVICES**

Should it become necessary to move or replace any existing municipal services as a result of the establishment of the township, the cost thereof shall be borne by the township owner.

**1.8 DEMOLITION OF BUILDINGS AND STRUCTURES**

When required by the City of Tshwane Metropolitan Municipality to do so, the township owner shall at his own expense cause to be demolished to the satisfaction of the City of Tshwane Metropolitan Municipality all existing buildings and structures situated within building line reserves and side spaces or over common boundaries, or dilapidated structures.

**1.9 REMOVAL OF LITTER**

The township owner shall at his own expense have all litter within the township area removed to the satisfaction of the City of Tshwane Metropolitan Municipality, when required to do so by the City of Tshwane Metropolitan Municipality.

**1.10 REMOVAL AND/OR REPLACEMENT OF ESKOM POWER LINES**

Should it become necessary to remove and/or replace any existing power lines of Eskom as a result of the establishment of the township, the cost thereof shall be borne by the township owner.

### 1.11 REMOVAL AND/OR REPLACEMENT OF TELKOM SERVICES

Should it become necessary to remove and/or replace any existing Telkom services as a result of the establishment of the township, the cost thereof shall be borne by the township owner.

### 1.12 COMPLIANCE TO CONDITIONS IMPOSED BY GDACEL

The township owner shall at his own expense comply with all the conditions imposed, by which the Gauteng Department of Agricultural, Conservation, Environment and Land Affairs has granted the applicant exemption from compliance with regulations No 1182 and 1183 promulgated in terms of section 21, 22 and 26 of the Environmental Conservation Act, for the development of this township.

## 2. CONDITIONS OF TITLE

2.1 The erven mentioned below shall be subject to the conditions as indicated, laid down by the City of Tshwane Metropolitan Municipality in terms of the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986):

### 2.1.1 ALL ERVEN

2.1.1.1 The erf shall be subject to a servitude, 2 metre wide, for municipal services (water, sewerage, electricity and stormwater) (hereinafter referred to as "the services"), in favour of the local authority, along any two boundaries, excepting a street boundary and, in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes, 2 metre wide, over the entrance portion of the erf, if and when required by the local authority: Provided that the local authority may waive any such servitude.

2.1.1.2 No buildings or other structures may be erected within the aforesaid servitude area and no trees with large roots may be planted within the area of such servitude or within a distance of 2 metre from it.

2.1.1.3 The City of Tshwane Metropolitan Municipality shall be entitled to temporarily deposit on the land adjoining the aforesaid servitude, any material it excavates during the laying, maintenance or removal of such services and other works which in its discretion it regards necessary, and furthermore the City of Tshwane Metropolitan Municipality shall be entitled to reasonable access to the said property for the aforesaid purpose, subject to the provision that the City of Tshwane Metropolitan Municipality shall make good any damage caused during the laying, maintenance or removal of such services and other works.

### 2.1.2 ERF 523

2.1.2.1 The erf shall be subject to a servitude for municipal services (sewerage) 2 metre wide, along the northern boundary of the erf, in favour of the City of Tshwane Metropolitan Municipality, as indicated on the general plan.

2.1.2.2 The erf shall be subject to a servitude for municipal services (stormwater) 3 metre wide, along the northern and western boundaries of the erf, in favour of the City of Tshwane Metropolitan Municipality, as indicated on the general plan.

2.1.2.3 The erf shall be subject to a servitude for municipal services (electricity) 3.1m x 3.1m wide, in favour of the City of Tshwane Metropolitan Municipality, as indicated on the general plan.

- 2.1.2.4 No buildings or other structures may be erected within the aforesaid servitude area and no trees with large roots may be planted within the area of such servitude or within a distance of 2 metre there from.
- 2.1.2.5 The City of Tshwane Metropolitan Municipality shall be entitled to temporarily deposit on the land adjoining the aforesaid servitude, any material it excavates during the laying, maintenance or removal of such services and other works which in its discretion it regards essential, and furthermore the City of Tshwane Metropolitan Municipality shall be entitled to reasonable access to the said property for the aforesaid purpose, subject to the provisions that the City of Tshwane Metropolitan Municipality shall make good any damage caused during the laying, maintenance or removal of such main sewer pipelines and other works.

## PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 625

### STAD TSHWANE METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT

#### VERKLARING VAN RIETVALLEIRAND UITBREIDING 40 TOT GOEDGEKEURDE DORP

Ingevolge artikel 103 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No 15 van 1986), verklaar die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit hierby die dorp Rietvalleirand Uitbreiding 40 tot 'n goedgekeurde dorp, onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

(K13/2/Rietvalleirand x40)

#### BYLAE

STAAT VAN VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR TOPBOU KONSTRUKSIE (EIENDOMS) BEPERK NO 1991/001388/07 INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DEEL C VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE NO 15 VAN 1986), OM TOESTEMMING OM 'N DORP OP GEDEELTE 37 VAN DIE PLAAS WATERKLOOF 360JR, GAUTENG, TE STIG, TOEGESTAAN IS.

#### 1. STIGTINGSVOORWAARDES

##### 1.1 NAAM

Die naam van die dorp is Rietvalleirand Uitbreiding 40.

##### 1.2 ONTWERP

Die dorp bestaan uit erwe, parke en strate soos aangedui op Algemene Plan LG No. 10559/2003.

##### 1.3 BESKIKKING OOR BESTAANDE TITELVOORWAARDES

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en servitude, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale.

##### 1.4 BEGIFTIGING

Betaalbaar aan die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit.

Die dorpseienaar moet aan die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit, as begiftiging, 'n totale bedrag van R250 000,00 betaal, welke bedrag deur die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit aangewend moet word vir die verkryging van grond vir park- en/of openbare-oopruimtedoeleindes.

Die genoemde begiftigingsbedrag is betaalbaar kragtens die bepalings van artikel 81 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986).

1.5 TOEGANG

Geen ingang van Provinsiale Pad P122-1 tot die dorp en geen uitgang tot Provinsiale Pad P122-1 uit die dorp word toegelaat nie.

1.6 ONTVANGS VAN EN WEGDOEN MET STORMWATER

Die dorpseienaar moet die stormwaterdreinerings van die dorp so reël dat dit inpas by die van die Pad P122-1 en hy moet die stormwater wat van die pad afloop of afgelei word, ontvang en daarmee wegdoen.

1.7 VERSKUIWING EN/OF VERWYDERING VAN MUNISIPALE DIENSTE

Indien dit as gevolg van die stigting van die dorp nodig word om enige bestaande munisipale dienste te verskuif of te vervang, moet die koste daarvan deur die dorpseienaar gedra word.

1.8 SLOPING VAN GEBOUE EN STRUKTURE

Die dorpseienaar moet op eie koste alle bestaande geboue en strukture wat binne boulynreserwes en kantruimtes of oor gemeenskaplike grense gelê is, of bouvallige strukture laat sloop tot tevredeheid van die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit wanneer die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit dit vereis.

1.9 VERWYDERING VAN ROMMEL

Die dorpseienaar moet op eie koste alle rommel binne die dorpsgebied laat verwyder tot tevredeheid van die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit wanneer die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit dit vereis.

1.10 VERSKUIWING EN/OF VERWYDERING VAN ESKOM KRAGLYNE

Indien dit as gevolg van die stigting van die dorp nodig word om enige bestaande kraglyne van Eskom te verskuif, moet die koste daarvan deur die dorpseienaar gedra word.

1.11 VERSKUIWING EN/OF VERWYDERING VAN TELKOM DIENSTE

Indien dit as gevolg van die stigting van die dorp nodig word om enige bestaande dienste van TELKOM te verskuif en/of te verwyder, moet die koste daarvan deur die dorpseienaar gedra word.

1.12 VOLDOENING AAN VOORWAARDES OPGELÊ DEUR DIE GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN LANDBOU, BEWARING, OMGEWING EN GRONDSAKE (DLBOG)

Die dorpseienaar sal op sy eie koste voldoen aan al die voorwaardes wat opgelê is deur (DLBOG) met die aansoek om vrystelling om aan die bepalings van Regulasie 1182 en 1183 gepromulgeer ingevolge artikel 21, 22 en 26 van die Wet op Omgevingsbewaring, 1989 (Wet No 73 van 1989) vir die ontwikkeling van die dorpsgebied.

2. TITELVOORWAARDES

- 2.1 Die erwe hieronder genoem, is onderworpe aan die voorwaardes soos aangedui, opgelê deur die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986):

### 2.1.1 ALLE ERWE

2.1.1.1 Die erf is onderworpe aan 'n serwituut, 2 meter breed, vir munisipale dienste (water, riool, elektrisiteit, stormwater) (hierna "die dienste" genoem), ten gunste van die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele serwituut vir munisipale doeleindes, 2 meter breed, oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer die plaaslike bestuur dit verlang: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige serwituut mag afsien.

2.1.1.2 Geen geboue of ander strukture mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2 meter daarvan geplant word nie.

2.1.1.3 Die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit is daarop geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige dienste en ander werke wat hy na goedduke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op grond wat aan die voornoemde serwituut grens, en voorts is die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit geregtig op redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige dienste en ander werke veroorsaak word.

### 2.1.2 ERF 523

2.1.2.1 Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir munisipale dienste (riolering) 2 meter wyd, langs die noordelike grens van die erf, ten gunste van die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit, soos op die algemene plan aangedui.

2.1.2.2 Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir munisipale dienste (stormwater) 3 meter wyd, langs die noordelike en westelike grens van die erf, ten gunste van die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit, soos op die algemene plan aangedui.

2.1.2.3 Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir munisipale dienste (elektrisiteit) 3.1m x 3.1m, ten gunste van die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit, soos op die algemene plan aangedui.

2.1.2.4 Geen geboue of ander strukture mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2m daarvan geplant word nie.

2.1.2.5 Die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit is daarop geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van munisipale dienste en ander werke wat hy na goedduke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op grond wat aan die voornoemde serwituut grens, en voorts is die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit geregtig op redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige munisipale dienste en ander werke veroorsaak word.